Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2021

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 21 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. ŉ Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.
2. As ŉ kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ŉ streep word deur die tweede vraag getrek.
3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.
4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ŉ motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.
5. Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 1 of nul punte omdat twee kante vir 1 punt gestel moet word.
6. Slegs ŉ punt vir die motivering word toegeken.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR korrek is, en die motivering is korrek, verdien die kandidaat slegs **EEN** punt.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is korrek, word **GEEN** punte toegeken nie.
7. Indien die kandidaat woorde uit ŉ **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
8. Aanvaar dialektiese variasies.
9. Indien die kandidaat **krutaal** gebruik, word die **kruwoorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kruwoord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
10. Waar EEN-WOORD antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
11. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.
12. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
13. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.
14. As ŉ spelfout die betekenis van ŉ antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: *KRINGE IN ’N BOS* – Dalene Matthee

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | ŉ Boom het op hom geval. | (1) |
| | 1.1.2 | Hy kon aan sy gesig en sy lyftaal sien. (*Of soortgelyk*). | (1) |
| | 1.1.3 | Joram is ook oud / een van die beste houtkappers in die Bos. / Sy dood sal ’n groot leemte laat. (ENIGE EEN of soortgelyk) | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | Hy het geweier om die kalander af te kap. | (1) |
| | 1.2.2 | Saul het geglo dat die kalander lewe/gevoel het / dit was duisende jare oud. (Of soortgelyk). | (1) |
| | 1.2.3 | Hy het heuning vir hulle gaan haal. | (1) |
| | 1.2.4 | Hy wou in Saul se plek kap. / Hy het soms die riem geneem en gesleep as Saul moeg raak. | (1) |
| 1.3 | Joram het hom taai gebrei en geleer van uithouvermoë. / Hy kon self sy skerm bou. / Hy kon homself help in die Bos. / Saul het die Bos goed geken en geweet waar om te delf. (ENIGE EEN *of soortgelyk)* | | (1) |
| 1.4 | Ja, hy het vir Maska gestuur om te kyk of alles goed gaan met Saul, nadat hy Saul weggejaag het. (Of soortgelyk) (Motivering verdien die punt.) | | (1) |
| 1.5 | 1.5.1 | MacDonald / die houtkoper | (1) |
| | 1.5.2 | Lae / swak | (1) |
| | 1.5.3 | Skewe | (1) |
| 1.6 | C / Hardkoppig | | (1) |
| 1.7 | 1.7.1 | Ek sou my broer aanvaar het. (of soortgelyk) | (1) |
| | 1.7.2 | Saul | (1) |
| 1.8 | 1.8.1 | C / Saul het die bloubokkie se kop oopgekap. | (1) |
| | 1.8.2 | E / Saul gaan werk op die dorp vir MacDonald. | (1) |
| | 1.8.3 | D / Saul gaan Kersfees huis toe en sien stukke gebraaide olifantvleis in die skottel. | (1) |
| | 1.8.4 | B / Saul weier om ŉ pad te loop wat nêrens uitkom nie. | (1) |
| 1.9 | Dat hy gekwes is. | | (1) |
| 1.10 | C / Hy bly by ou Sanna in Groot Eiland. | | (1) |

1.11 Sy wou die Bos deur Saul se oë ervaar. **OF**
Sy wou hê Saul moes vir haar al die plekke wys waar hy was.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (2)

1.12 1.12.1 Hy laat haar boom klim. (1)

1.12.2 Daar is ’n spesiale band tussen Oupoot en Saul. / Saul is Oupoot se dierbroer. / Hy het nooit voorheen vir Saul bestorm nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.12.3 Toe hy veertien jaar oud was. **EN**
Op pad Diepwalle toe om die tyding van sy ma en suster se sterfte te bring. (2)

1.13 1.13.1 Saul dink terug aan sy lewenspad / die sirkeldraaie wat hy in sy lewe geloop het / sy kinderdae / opgroeijare. (1)

1.13.2 Saul agtervolg Oupoot om hom te kan skiet. (1)

1.14 Hulle dink dat hy Josef se seun doodgetrap het.
*(of soortgelyk)* (1)

1.15 Oupoot was die grootste olifant in die Bos / sy dierbroer / Oupoot was die boskoning / die droom-olifant / mees gevreesde een *(ENIGE EEN of soortgelyk)* (1)

1.16 Een van die delwers het vir Oupoot geskiet. (1)

1.17 Hy sou Oupoot se tande by Stopford koop en dit in die Bos begrawe. (1)

1.18 lief (1)

1.19 Ja, sy moet haar hart volg. / Ja, sy het grond op haar naam gekoop, wat sy weer aan Saul sou verkoop. (*ENIGE EEN* of *soortgelyk*) (1)

**[35]**

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

2.1 2.1.1 Vasvraespeletjies (1)

2.1.2 Dis ʼn ou huis. / Ver van die beskawing af / Geen moderne geriewe / krag / televisie / rekenaars nie.
Die kinders word gedwing om dinge saam te doen / hulle moet vroeg opstaan om te gaan stap / hulle moet help met huistakies.
*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

2.2 Dit is hulle ouers se wittebrood. / Mana het gevoel hulle moet mekaar beter leer ken. (*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.3 Hulle is albei kunstenaars.
Hulle het albei honde met groentename (Patat en Pampoen).
*(Of soortgelyk)* (2)

2.4 2.4.1 Sy dra bont klere. / Sy maak haar kinders anders groot. / Sy noem haar ongebore baba "Ditjie."/ Sy het ʼn proefbuisbaba.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.4.2 Margot doen glad nie huistakies nie. Sy lyk soos ʼn modepop, maar sy is eintlik prakties en ʼn staatmaker as die situasie dit vereis. / Sy sien nie gereeld haar kinders nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

2.4.3 Gavin is gay. / Hy is flambojant. / Hy het peroksiedhare.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.5 2.5.1 Hanna is vaal in vergelyking met Sharon wat beeldskoon is. / Sharon se ouers is ryk.
Sharon is ʼn ekstrovert met baie selfvertroue.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.5.2 Sy het na haar ouma op die platteland begin verlang.
(*Of soortgelyk)* (1)

2.5.3 Sy hou nie van die geraas nie. (1)

2.5.4 Nee, haar pa dink sy sal haar neus optrek vir haar ouma se huis / leefstyl.
*(Of soortgelyk)* (1)

2.6 C / voordelig (1)

2.7 Nee, Yann is nie juis iemand wat hom aan reëls steur nie. (1)

2.8 2.8.1 Hy het vir haar ʼn boek as geskenk gegee. (1)

2.8.2 Hy het vir haar ʼn (gelukbringers) pen gegee. (1)

Kopiereg voorbehou

2.9 Hanna raak volwasse en weet haar ouers het baie uitgawes.
*(Of soortgelyk)* (1)

2.10 B / Aspirant skrywer (1)

2.11 Sy is die alter ego wat Hanna vir haarself geskep het.
*(Of soortgelyk)* (1)

2.12 Ja, sy was besig met baie dinge. Sy het lanklaas geskryf.
*(Enige EEN Of soortgelyk)* (1)

2.13 Margot eet nie koek nie. / Margot help niks in die huis nie. / Hanna ken nog nie vir Margot goed genoeg nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.14 2.14.1 Die rivier het die brug oorstroom
(O*f soortgelyk)* (1)

2.14.2 Sy moes Johannesburg toe vlieg vir die verfilming van ’n nuwe hoofrol. / Sy moes in die Kaap uitkom. / Sy is vasgevang op die berg as gevolg van die reën.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.14.3 3 dae (1)

2.15 2.15.1 Jaloers/ Teleurgesteld
*(Of soortgelyk)* (1)

2.15.2 Ja/ Nee, kandidaat gee eie redes. (Die redes verdien die punt.) (1)

2.15.3 Hy het vir haar ’n swart, Cashmere trui as geskenk gegee. Hy sê dat hy gedink het Hanna is perfek.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.16 2.16.1 Yann (1)

2.16.2 konsert (1)

2.16.3 liefdesverhaal (1)

2.17 2.17.1 B / Die kar het in modder vasgeval. (1)

2.17.2 D / Margot knip haar naels. (1)

2.17.3 A / Hanna skryf ’n roman. (1)

2.17.4 C / Die reën het opgehou. (1)
**[35]**

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

3.1 Jacob Langhans (1)

3.2 Hulle het nie blyplek vir die persoon nie, (so hy dink die persoon sal in sy huis moet bly.) / Die departement het gesê die persoon kom slegs vir drie dae, nou is dit vir drie maande. / Daar is nie kos vir die persoon nie.
(Enige TWEE o*f soortgelyk*) (2)

3.3 Hy het ook met sy ma, Hansie, oor die radio gepraat. (1)

3.4 Ek sou my goed vat en teruggaan, want ek wil nie wees waar ek nie welkom is nie.

OF

Ek sou my nie aan die stem steur nie, want ek is daar om my werk te doen.
(Enige EEN o*f soortgelyk*) (1)

3.5 3.5.1 Ornitologiese Instituut van Suid -Afrika (1)

3.5.2 seevoëls (1)

3.5.3 Die Meeuw (1)

3.6 Hy het gedink dat Ryna ’n man is. (1)

3.7 Perdevoete / skulpies / aliekreukel / pikkewyneiers (1)

3.8 emosioneel (1)

3.9 D / Mal (1)

3.10 Ongelukkig / Slegs / sy moes meer gasvry teenoor Ryna gewees het. (1)

3.11 Ryna se huis het afgebrand.
Haar man en seun is doodgeskiet. / Haar man het selfmoord gepleeg en sy seun ook geskiet.
Daar is niemand en niks in die Kaap vir haar oor nie.
*(Enige TWEE Of soortgelyk)* (2)

3.12 Ryna was ook ’n onderwyseres nes Doreen. *(Of soortgelyk)* (1)

3.13 3.13.1 inkomste (1)

3.13.2 plat (1)

3.14 Hotel

3.15 Fred is die burgemeester. / Hulle het baie besighede / aansien in Salamanderbaai.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.16 Hy het dronk bestuur en so 'n ongeluk gemaak. / Skalla was daarvoor verantwoordelik dat Sheila in 'n rystoel was.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.17 Hy gee nie om oor ander se opinie van hom nie. / Hy gee nie voor om te wees wat hy nie is nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.18 Fred het baie geheime. / Hy doen baie dinge wat mense nie van weet nie. / Hy kom voor as 'n goeie mens, maar is nie altyd goed nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.19 Elsabet het gedink sy sal gelukkig wees in die baai, by Fred, maar sy was daar ook ongelukkig.
*(Of soortgelyk)* (2)

3.20 3.20.1 Sy het Sheila se portrette verwyder en haar rolstoel weggesit.
**OF**
Sy het ander skilderye en dekor op die mure gesit.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.20.2 Ja, dit sou meer sensitief teenoor die kinders gewees het.
**OF**
Nee, dis haar huis ook en sy is die vrou van die huis.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.20.3 Hy kon meer by die huis gewees het. (1)

3.21 Bernard (1)

3.22 Dis Elsabet se gedagtes. (1)

3.23 Ek sou dalk ook die geheim gehou het.
**OF**
Ek sou haar vertel het, want sy het die reg om te weet wat met haar kind gebeur het.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.24 3.24.1 D / Elsabet praat met Jackie. (1)

3.24.2 E / Skalla word raakgeskiet. (1)

3.24.3 B / Die dood van Janka se ma. (1)

3.24.4 A / Veronica soek vir Fred Blankenberg (1)

**[35]**

## VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt*

4.1 4.1.1 krieket (1)

4.1.2 Sy het seker gemaak haar broer kry 'n borg vir die t-hempies.
Sy het haar broer ondersteun deur krieket te gaan kyk. (2)

4.1.3 jaloers (1)

4.2 4.2.1 Sy wou wegkom van haar probleme met haar ouers.
*(Of soortgelyk)* (1)

4.2.2 Haar ma het nie juis kos gekoop / gekook nie.
Haar ma het haar werk verloor.
Daar was nie geld in die huis nie
*(Of soortgelyk)* (1)

4.2.3 Sy kon verniet hare doen / was / knip / droogblaas.
Braam kon ook verniet sy hare sny.
Sy het ekstra geld verdien toe sy help om hare te was.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.3 Sue Ellen wou na haar werk terugkeer. / Lien was net tydelik aangestel. (1)

4.4 4.4.1 Lien was in 'n ongeluk waar koppies gebreek het. Tant Malie het aangedring dat Lien-hule dit moes terugbetaal. Lien het geweier. (2)

4.4.2 Ek sou die geld betaal het. / Ek sou dit nie betaal het nie. / Ek sou ook die werk gelos het.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.5 4.5.1 Hulle albei hou van musiek / kan klavier speel. *(of soortgelyk)* (1)

4.5.2 Lien laat nie haar omstandighede haar onderkry nie. Sy maak 'n plan om haar probleme op te los, terwyl Christien haar toevlug tot drank neem. *(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

4.6 Nee, sy is die kind, sy het nog leiding nodig.

**OF**

Ja, iemand in die familie moet sterk wees.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.7 4.7.1 Haar ma kla oor die kos duur is, maar sy het geld om drank te koop.
Haar ma kla oor kos wat duur is, maar sy koop nie gereeld kos nie.
(*Enige EEN of soortgelyk) (Albei kante van die ironie moet genoem word.)* (2)

4.7.2 Hy help nie in die huis nie. / Hy kyk net video's. / Hy gaan na sy vriende.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.8 Gesout (1)

4.9 C / Sy staan heeldag in die son (1)

4.10 4.10.1 Die bedelaars / arm mense (1)

4.10.2 Nee, hy wil net hulle geld hê. *(Of soortgelyk*) (1)

4.11 Sy moet die mense in die oë kyk, dan sal hulle skuldig voel en gee.
Sy moenie te aggressief wees nie.
Sy moet altyd dankie sê / hulle seën.
Hy leer haar die reëls van die straat.
(*Enige TWEE of soortgelyk)* (1)

4.12 Sy het vir hom ŉ rolstoel laat bou toe sy bene verlam was.
Sy wou sy blyplek vir hom terugkry.
Sy het veranderings in sy blyplek laat maak om dit makliker vir hom te maak om te beweeg.
(*Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

4.13 4.13.1 Hy geniet sy werk/hou van sy werk. (1)

4.13.2 "Seker weer ŉ *killing" /* "En die mense gee" (1)

4.13.3 Entertainment Corner (1)

4.14 4.14.1 kalmeerpil (1)

4.14.2 Geld / geleentheid na sy huis toe. (1)

4.15 4.15.1 D / Kuifie (1)

4.15.2 C / Lien se pa (1)

4.15.3 E / Roos (1)

4.15.4 B / Juffrou Breytenbach (1)

4.16 Dis belangrik om mense te vergewe sodat jy gelukkig kan wees.
*(Of soortgelyk*) (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

5.1 "hulle" = regering / owerhede en "ons" = kinders (2)

5.2. frustrasie (1)

5.3 huiswerk / char / bediende (*Of soortgelyk*) (1)

5.4 een jaar (1)

5.5 5.5.1 Sy het haar familie verlang / sy was amper alleen in die straat oor/sy was al opgesluit / sy was nooit meer gerus nie. *(Enige twee Of soortgelyk)* (2)

5.5.2 Groepsgebiede wet / gedwonge verskuiwing. *(Of soortgelyk)* (1)

5.5.3 Hulle moes na 'n trustdorpie verhuis / kleiner hutte gekry. Hulle moes 'n onafhanklike Ciskei vorm. *(Of soortgelyk)* (1)

5.6 Sy weet Poppie hou nie juis van haar stiefpa Mbatane nie. Hulle is baie wat in 'n klein huis bly. *(Of soortgelyk)* (2)

5.7 Haar broers was op Mama se naam, maar sy was met iemand van die tuislande getroud, so sy moes haar eie permit kry. *(Of soortgelyk)* (1)

5.8 Ja, want Poppie moes die skool verlaat om na ma Lena se kinders te kyk. *(Of soortgelyk)* (1)

5.9 5.9.1 Melkery/melkfabriek (1)

5.9.2 Phillipi (1)

5.9.3 Permit (1)

5.10 tuberkulose (1)

5.11 Poppie het in Upington by haar ouma Hannie op Upington grootgeword. (1)

5.12 5.12.1 Die skoolkinders wat teen Afrikaans as onderrigtaal opgestaan het. (1)

5.12.2 Ja, moedertaalonderrig is belangrik. *(Of soortgelyk)* (1)

5.13 D / Leier (1)

Kopiereg voorbehou

5.14 5.14.1 Die kinders baklei met die ouers wat dronk is, maar hulle drink self die drank. *(Of soortgelyk)* (2)

5.14.2 Hulle het vir hom uitgelag toe die polisie hom uit die hoenderhok geslaan het. **EN**
Hulle het hom self geslaan omdat hy dronk was.
*(Of soortgelyk)* (2)

5.14.3 Ja, die ouer mense drink net en aanvaar alles.
**OF**
Nee, mens moet nooit jou respek vir ouer mense verloor nie, al doen hulle wat.
*(Of soortgelyk)* (1)

5.15 Die kinders was by hulle ouma in die tuislande en Bonsile in Mdantsane. (1)

5.16 5.16.1 Hulle het die kinders geskiet / traangas tussen die skare ingegooi / kinders in die tronk gestop. *(Enige een of soortgelyk)* (1)

5.16.2 Die migrants (1)

5.16.3 Albei is swart EN albei word deur die regering onderdruk. *(Of soortgelyk)* (2)

5.17 5.17.1 D / Sy en Stone gaan Hershel toe. (1)

5.17.2 C / Sy kry werk by Mrs. Swanepoel. (1)

5.17.3 E / Jakkie skiet ŉ polisieman. (1)

5.17.4 A / Mnr Stevens belowe vir Poppie ŉ huis en skool vir haar kinders. (1)

**[35]**

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Hulle slaap op enkelbeddens. | | (1) |
| 6.2 | 6.2.1 | Stasiemeester | (1) |
| | 6.2.2 | By die spoorwegstasie/ Toorwater | (1) |
| 6.3 | 6.3.1 | Sy skrop vloere/ Sy hang wasgoed op./ Sy pak saans die vuur./ Sy maak koffie en bedien hulle. *(Enige EEN of soortgelyk)* | (1) |
| | 6.3.2 | Ja, sy maak haar altyd netjies as Frans kom kuier./ Sy koop vir haar oorbelle. / Sy werk altyd hard. *(Enige EEN of soortgelyk)* | (1) |
| 6.4 | 6.4.1 | Hendrik kyk/staar na sy kind. | (1) |
| | 6.4.2 | Willem is ongestoord/ onbewus daarvan/ dit pla hom nie. | (1) |
| | 6.4.3 | Willem kan nie praat nie. | (1) |
| | 6.4.4 | Sy spreek Hendrik aan sonder om na hom te kyk. *(Of soortgelyk)* | (1) |
| 6.5 | motoriese moment | | (1) |
| 6.6 | 6.6.1 | Gebare taal | (1) |
| | 6.6.2 | Geterg / gekoggel | (1) |
| 6.7 | Hulle is onsimpatiek. | | (1) |
| 6.8 | 6.8.1 | Sy kyk gedurig na die treine wat verbyry. | (1) |
| | 6.8.2 | Hy speel altyd plate en praat van die mense oorsee, dan wonder hy oor hulle. *(Of soortgelyk)* | (1) |
| | 6.8.3 | Hulle kon oor hulle ware gevoelens gepraat het.<br>Hulle kon meer tyd saam spandeer het.<br>Hulle kon die dominee gaan spreek het.<br>*(Enige EEN Of soortgelyk)* | (1) |
| 6.9 | 6.9.1 | A / Baie mans hou van Katrien. | (1) |
| | 6.9.2 | C / Die onderwyser hou van Katrien | (1) |
| | 6.9.3 | E / Frans Lombard | (1) |
| | 6.9.4 | D / Die ryk boer Pieterse | (1) |

6.10 Manuel (1)

6.11 A / Hy is beskermend teenoor sy gesin.

**OF**

B / Hy is besorg oor sy eiendom. (1)

6.12 doemprofeet (1)

6.13 6.13.1 ŉ Mens sou dink dat hulle liefde/medemenslikheid aan vreemdelinge sal betoon; inteendeel, hulle het hom verwerp.
*(Of soortgelyk) (Albei kante van die ironie moet genoem word.)* (2)

6.13.2 Hy wou hoor waarom die dominee dink dis sonde om jou gesig te verf. (1)

6.14 6.14.1 Als wat vir hulle onbekend is, is van die duiwel.
*(Of soortgelyk)* (1)

6.14.2 Hy besit nie die eiendom nie.
Hy bly op die spoorweg se grond.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.14.3 Moenie mense oordeel as jy hulle nie ken nie.
Wees medemenslik.
Help mekaar.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.15 6.15.1 toertjies (1)

6.15.2 Sy het weer begin klavier speel. (1)

6.16 Ja, hulle het Manuel se "toorgoed in die skuur gesien".

**OF**

Nee, mens kan nie dink ander mense is Satanaanbidders net omdat hulle anders is nie. (1)

6.17 Die McDonalds gaan nie kerk toe nie.
Hulle hou hulle eenkant.
Hulle is nie so ryk soos ander boere nie.
Hulle het ŉ kind wat stom is.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

6.18 Ja, Sy het aangedring dat hulle moet praat oor wat belangrik is, al maak dit hoe seer.
*(of soortgelyk)* (1)

6.19 Vrolike (1)

**[35]**

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee***

7.1 Wolwekraal (1)

7.2 7.2.1 geskok (1)

7.2.2 Hy het gesê dat hy dit nie verstaan nie. (1)

7.2.3 Ja, want in daardie tyd was swart en wit nie toegelaat om saam te bly nie. / Ja, dit was apartheid en Benjamin was wit. (2)

7.3. 7.3.1 Die kind, Benjamin is omtrent hulle kind, Lukas, se ouderdom. **EN** Hulle is albei wit. (2)

7.3.2 Hy het moontlik gesterf / verkluim, want hulle het sy geraamte by die Gounarivier opgetel. (1)

7.3.3 eksposisie (1)

7.4 Elias kon nie glo dat hulle sy kind gekry het nie/ hy kon dit nie aanvaar nie/ dit was nie vir hom ŉ werklikheid aan die begin nie. **EN**
Dit het eers later vir hom ŉ werklikheid geraak (of soortgelyk) (2)

7.5 Hy het ŉ lokvat vir die olifante gestel. **EN**
Hulle het hom gejaag / amper vertrap.
*(Of soortgelyk)* (2)

7.6 Hulle het min komberse en sukkel in die winter. / Die kinders is gedurig siek van die koue. *(Of soortgelyk)* (1)

7.7 Sy glo dat die uil slegte nuus bring. (1)

7.8 Nee, hulle het goeie nuus gekry/ Fiela is die een wat slegte nuus gekry het. (1)

7.9 7.9.1 Barta laat haar maklik manipuleer van andere (of soortgelyk) (1)

7.9.2 Benjamin het Lukas van Rooyen geword. / Benjamin moes in die Bos gaan bly. *(Of soortgelyk)* (1)

7.10 Benjamin (1)

7.11 Daar was nog nie ŉ magistraat / pad nie. (1)

7.12 C / Sy nie daar kon wees nie. (1)

7.13 7.13.1 Godsdienstigheid / gelowig (1)

7.13.2 Salomo (1)

7.13.3 Sy is gelowig / sy gebruik die Bybel as sy nie weet wat om te doen nie. *(Of soortgelyk)* (1)

7.13.4 Die bosvrou moes sê watter klere haar kind aangehad het die dag toe hy weggeraak het. (1)

7.14 7.14.1 Hulle boer met volstruise. **EN**
Sy beplan om die Laghaans se grond vir Benjamin te koop.
Sy gee vyf sjielings vir Benjamin om saam te neem vir ingeval.
*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

7.14.2 Ek voel jammer vir Fiela (*Of soortgelyk)* (1)

7.14.3 Nee, hy mag dalk dink sy wil hom omkoop.
**OF**
Die gebeure het gedurende apartheid plaasgevind.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

7.15 D / Bitter (1)

7.16 “in baas se mag” (1)

7.17 7.17.1 C / Lukas is op pad bos toe. (1)

7.17.2 E / Nina stuur nie meer geld huis toe nie. (1)

7.17.3 B / Benjamin keer terug Lang Kloof toe (1)

7.17.4 A / Fiela gaan te voet Knysna toe. (1)

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 **"VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND" – Dana Snyman**

8.1.1 (a) Tshing (1)

(b) Die huise in die township is klein/sinkplate/armoedig/baie na aan mekaar gebou, terwyl die verteller se huis ruim, groot, van baksteen, luuks, vrystaande is.
*(Of soortgelyk) (Albei kante van verskil moet aangedui word)* (2)

8.1.2 ek-verteller (1)

8.1.3 (a) Bed / verfblikke / primusstoof / tafel / wynrooi bank / foto / sertifikaat *(Enige EEN)* (1)

(b) Tabak / paraffien / Lifebuoy seep / sweet / piesangs
*(Enige EEN)* (1)

8.1.4 Hy moes ogiesdraad vir Johannes afgelaai het. (1)

8.1.5 Fluks, hy werk hard om sy huis leefbaar te maak. *(Of soortgelyk)* (1)

8.1.6 Hy noem hom Makosi. (1)

8.1.7 Onwaar – "oorle" *(motivering verdien die punt)* (1)

8.1.8 (a) Hy onthou sy ma / tv-programme *(Of soortgelyk)* (1)

(b) Die sitplekke is hol. *(Of soortgelyk)* (1)

(c) Ja, hy gee baie goed vir Johannes./ Hy help hom.
**OF**
Nee, hy ken hom nie werklik nie. (1)

8.1.9 (a) B / 'n Bouval naby Rietspruit (1)

(b) D / Ventersdorp se vendusiekrale (1)

(c) A / Rysmierbult (1)

8.1.10 Sy regte naam, want dit is wie jy werklik is. *(Of soortgelyk)* (2)

Kopiereg voorbehou 

**EN**

8.2 **VAN PRECIOUS: ’n BUISIE SALF – Maretha Maartens**

8.2.1 Redenaarskompetisie / debatskompetisie
*(Of soortgelyk)* (1)

8.2.2 Dis sy ma se nuwe man / stiefpa. (1)

8.2.3 Hy is moeg daaroor gepraat. / Hy wil dit graag vergeet. / Hy glo dis verby. *(Of soortgelyk)* (1)

8.2.4 Nee, almal moet van die verlede leer.

**OF**

Ja, dis tyd om aan te beweeg.
*(Of soortgelyk)* (1)

8.2.5 Hulle sien hom moontlik as ‘n indringer. / Hulle kla oor hom.
(O*f soortgelyk*) (1)

8.2.6 D / Altyd haar eie gemors skoonmaak. (1)

8.2.7 Nee, sy onderwyser (en sy) ma het hom gemotiveer. / Hulle het gesê hy moenie sy talente begrawe nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

8.2.8 (a) Selfvertroue (*of soortgelyk*) (1)
(b) Vel / puisies *of soortgelyk*) (1)

8.2.9 Die Ondier/monster in skoonlief en die ondier. (1)

8.2.10 Hy het gedink hy eet die verkeerde kossoorte. (*Of soortgelyk*) (1)

8.2.11 “die vyf beste redenaars” / “Dis ’n prestige geleentheid” (1)

8.2.12 Die wind het baie gewaai. / Die weersomstandighede was sleg. / Hulle het gure weer oor die radio voorspel. (*Of soortgelyk*) (2)

8.2.13 Sy het inwendig seergekry./ Sy kon nie lekker asemhaal nie.
*(Of soortgelyk*) (1)

8.2.14 (a) verkrag (1)

(b) Waarheid en versoening (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 RONDOM MY – Dawie de Jager

9.1.1 Mens sê gewoonlik iemand is by jou/voor jou/agter jou.
*(Of soortgelyk)* (1)

9.1.2 Die geliefde/meisie.
*(Of soortgelyk)* (1)

9.1.3 desperaatheid (1)

9.1.4 Hy was te haastig (1)

9.1.5 het my al v**<u>ee</u>**ls te v**<u>ee</u>**l k**<u>ee</u>**r (1)

9.1.6 Daar is baie herhalings / rymwoorde / enjambemente / refrein / assonansie / alliterasie (enige twee) (2)

9.1.7 (a) Herhaling (1)

(b) "haastigheid" (1)

9.1.8 Nee, "Ek sien die blou …" / "Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla." / "dinge wat jou terughou." (1)

9.1.9 "Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees."

**OF**

"Kom wees net jy kom wees net jy." (1)

9.1.10 Nee, sy moet eers alles uitpraat voordat sy in die verhouding gaan.
*(Of soortgelyk)* (1)

9.1.11 (a) gebroke rym
(b) vorige (2)

9.1.12 (a) Haar oë se kleur is blou.
(b) Sy is hartseer / depressief (of soortgelyk) (2)

9.1.13 Wees geduldig/ moenie oorhaastig wees nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

**EN**

9.2 **BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN – MARITA VAN ASWEGEN**

9.2.1 Twee (1)

9.2. 2 Dit beklemtoon hoe styf en seer / lam die persoon se arm en nek is. *(Of soortgelyk)* (2)

9.2.3 alliterasie (1)

9.2.4 (a) verkeerslig (1)

(b) Hy moet gedwee doen wat die tsotsi hom voorsê om te doen. (*Of soortgelyk*) (1)

(c) Hy is totaal afhanklik van die tsotsi en sal dalk nie sy pad huis toe kan kry nie. (1)

9.2.5 D / gehoor of C reuk (of albei D en C) (1)

9.2.6 Die bedelaar is blind, so sy ander sintuie is skerper. (1)

9.2.7 "gepluk en geruk" (1)

9.2.8 Hy gee nie om vir die bedelaar nie. / Hy misbruik die bedelaar. *(Of soortgelyk)* (1)

9.2.9 Ja, hy wens hy was dood. *(Of soortgelyk)* (1)

9.2.10 Die tsotsi buit die blinde bedelaar uit en die bedelaar buit die mense uit by wie hy bedel. *(Of soortgelyk)* (2)

9.2.11 simpatiek (1)

9.2.12 Ja, mens moet ander help.

**OF**

Nee, die geld gaan uitgedrink word.
(*Of soortgelyk*) (1)

9.2.13 (a) C / Eufemisme (1)

(b) D / Klanknabootsing (1)

(c) B / Vergelyking (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou